



Wil Nie President Wees

Genl. Eisenhower het aangekondig dat hy nie bereid sal wees om nominasies as kandidaat in die aanstaande presidentsverkiezing te aanvaar nie. „Ek is nie vir 'n politieke pos beskikbaar nie,” het hy gesê. Sou hy miskien nodig wees vir 'n militêre taak binnekort?

BAIE DANK AAN GENL. SMUTS VERSKULDIG

Die belangrikheid van Suid-Afrika as 'n Britse basis in geval van oorlog en dat Brittanje nie kan bekostig om toe te laat dat Suid-Afrika neutraal bly in 'n oorlog waarby hy betrokke is nie, is deur adm. Ernest Taylor, lid van die Britse laerhuis, beklemtoon toe hy gepleit het dat 'n Imperiale leërmag op die been gebring moet word.

Adm. Taylor het beklemtoon dat in geval van 'n nuwe oorlog daar onmiddellik opgetree sal moet word en hy doen aan die hand dat 'n imperiale leërmag bestaande uit soldate van die dominiums georganiseer word sodat hulle onmiddellik ingeskakel kan word as dit nodig blyk.

Geen behoorlike imperiale verdedigingsplan kan uitgewerk word as dit nie seker is dat alle lede van die Gemeenebes in geval van oorlog dadelik sal help nie, het hy verklaar. Die Statuut van Westminster maak dit vir elke dominium moontlik om in geval van oorlog neutraal te bly. Indien dit gebeur, kan dit nadelige gevolge hê.

Die Middellandse See was gedurende die oorlog vir Brittanje gesluit, maar Brittanje was in staat om sy skepe na Indië en die Verre Ooste om Suid-Afrika te stuur. „Wat sou gebeur het as Simonstad aan ons geweier is?” het adm Taylor gevra.

Dit is duidelik, het hy gesê, dat Brittanje baie dank verskuldig is aan „die groot Imperialis”, genl. Smuts, wat verseker het dat Suid-Afrika nie neutraal gedurende die oorlog gebly het nie.

V.S.A. Verban Kommunis

Beampies van die Amerikaanse speurdiens in Miami het 'n lid van die Nasionale Komitee van die Amerikaanse Kommunistiese Party, Alexander Bittelman, in hegtenis geneem om hom na die Sowjet-Unie terug te stuur omdat hy die omverwerping met geweld van die Amerikaanse regering gepropageer het.

WORD OORLOG NOG VANJAAR VERWAG?

Meeste mense verwag 'n oorlog in die volgende paar jaar, maar die tekens word al duideliker dat die oorlog veel nader is as wat baie mense dink. Ook Suid-Afrika is in alleryl besig om hom voor te berei ten einde nie onkant gevang te word vir gebeurlikhede wat nie meer ver skyn te wees nie.

Daarom het alle afdelings van die Suid-Afrikaanse artillerie opdrag ontvang om sonder versuim die lope van alle grofgeskut met nuwes te vervang — of daar nou een skoot of tien skote deur gevuur is. Hierdie bedrywigheid het geen betrek-

king op gewone oefeninge nie en het volgens offisiere net een betekenis: oorlog.

Inmiddels word die hele landsadministrasie aangepas om so maklik moontlik by noodtoestande aan te pas. Daarom het die Minister van Finansies, mnr. F. C. Sturrock, ook verlede week aangekondig dat die publiek geen drastiese verligting van belasting (in die vredesjare) moet verwag nie. Gemeen word dat die regering nie sy inkomste onnodig wil inkort sodat as daar gevaar kom, Suid-Afrika se finansies nie die oorlogsplanne in die wiele sal ry nie.

Benewens hierdie veelseggende maatreëls, is dit duidelik dat die regering die volk onder die indruk wil bring van petroolskaarste en begin praat van rantsoenering. Gemeen word dat groot voorrade petrol opgegaar word vir tyd van oorlog wanneer die oorlogsmasjien baie petrol verbruik.

BRITSE LUGMAG

Miskien van meer belang as die voorgaande is die feit dat die oorlogstydse opleiding van

lede van die Britse lugmag tans weer op volle skaal in Rhodesië 'n aanvang geneem het — 'n feit wat toon in watter ernstige lig Brittanje, met wie die Unie se leërhuofde in noue voeling is, die posisie beskou.

Die feit dat genl. D. Eisenhower, opperbevelhebber van die Amerikaanse leërmagte, nadat hy tot onlangs sterk laat blyk het dat hy hom verkiesbaar sou stel as kandidaat vir die Amerikaanse presidentskap, verlede week verklaar het dat hy „nie beskikbaar” is vir 'n

politieke pos nie, word vertolk as sou hy een van die dae weer aan die hoof van die V.S.A.-magte sal moet staan en hom nie nou kan inlaat met administratiewe sake nie.

Aan die begin van die parlementsitting het dr. Colin Steyn gewaarsku teen die moontlikheid van 'n oorlog hierdie jaar. Daar mag baie propaganda in sit, maar saam met ander tekens lyk dit tog of die regering hom self deeglik voorberei.

Werf Britte Vir Ons Leër

Ook die sleutelposisies in Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag moet nou vol Britse immigrante geprop word. 'n Werwingsgeselskap van die verdedigingsmag is tans besig om 400 ongetroude mans vir alle vertakkings van ons verdedigingsmag te werf, na mnr. Harry Welsh, voorsitter van die Londense immigrasie-keurkomitee aan Sapa vertel het.

Mnr. Welsh het ook vertel dat die 1,000 rekrute vir die goudmyne nog voor die end van die maand in Suid-Afrika sal aankom.

Britse Onderwysers Arriveer Weens Kunsmatige Tekort

Die eerste groep onderwysers uit Brittanje om Suid-Afrikaanse kinders in Transvaal te leer, het verlede Woensdag in Kaapstad aangekom. Hulle tel 51 siele en is maar die eerste sarsie Britse onderwysers wat in Suid-Afrika losgelaat word. Met hierdie onderwysers probeer die regering om die vreemde gees in Suid-Afrika te bestendig en die Afrikaner-element toe te ploeg deur hom op sy trefbaarste plekke te beveg.

Hulle is deur mnr. H. G. Kreft, Direkteur van Onderwys in Transvaal, spesiaal in Engeland gaan haal. Hulle passate is deur die reëring voorgeskiet sodat hulle sommer dadelik nadat hulle uitgesoek is, na Suid-Afrika kon kom.

Die verskoning van die regering vir die invoer van vreemde onderwysers is dat hier plaaslik 'n tekort aan onderwysers is. Feit is egter dat hier 'n kunsmatige tekort aan onderwysers geskep word deur die bepaling dat elke opleidingskollege slegs 'n sekere aantal studente jaarliks mag inneem. Die res wat hulle in hierdie beroep wil begeeef moet, maar eenvoudig iets anders probeer doen.

Die juiste manier om hierdie tekort aan te vul is natuurlik om die kunsmatige beperkings uit die weg te ruim, soos die Afrikaner-onderwysers in

SUIKERPRODUKSIE VOORBEELD VAN PLANLOSE LANDSBESTUUR

Die huidige tekort aan suiker waardeur stedelike huisgesinne tot so min as 'n half pond per week per kop toegestaan word — inderdaad minder as die Britse rantsoen — moet toegeskryf word aan die gebrek aan insig van die regering, wat geen oog het vir die verandering van omstandighede nie.

Transvaal op hul kongres besluit het.

Die optrede van die regering herinner aan die beleid van die Britse regering in die Kaapkolonie voor 1900 toe dit strafbaar was om Afrikaans in skole te praat.

Volgens 'n vooroorlogse ooreenkoms het die regering 'n bepaalde prys aan die suikerbase vir hul produkte verseker op voorwaarde dat die produksie nie 'n sekere grens oorskrei nie. Daarby is ook nog voorsiening gemaak vir die gesubsidieerde uitvoer van suiker.

Tydens die oorlog, met die algemene styging van lone, het die binnelandse verbruik van suiker egter so byna verdubbel. Waar dit voor die oorlog ongeveer 475,000 ton per jaar was, is dit vandag 800,000 ton per jaar, hoofsaaklik weens die groter koopkrag van naturelle wat na die stede stroom. ...

Met hierdie feit het die regering geen rekening gehou nie. Die uitvoer van suiker is tot verlede jaar nog gehou en die beperkinge op produksie is maar 'n paar maande gelede eers opgehef toe toestemming verleen is vir die aanle van nuwe suikervelde.

Ten opsigte van die bestuur van die land bestaan daar by die huidige stelsel van partyregering geen beplanning nie. Die enigste doeltreffende beplanning, waarby selfs soiets as hofsake nie buite rekening gelaat word nie, vind plaas ten opsigte van verkiesings.



Oorlog In Palestina

Die gewapende twis tussen die Arabiere en Jode in Palestina as gevolg van die voorgestelde verdeling van die land, het al aansienlike lewensverliese aan albei kante opgevoerd. 'n Aantal Arabiese krygsmanne maak hulle hier gereed om 'n weerwraakaanval in die nabyheid van Jerusalem te onderneem. Verlede week is berig dat 100,000 Arabiere in 'n dorp deur die Jode beleër word as „gyselaars”.




Genle. Erika Theron.



Hfgnl. J. Schoeman.



Hfgnl. Max Smuts.



Hfgnl. P. O. Rousseau.

(Vervolg van kolom 5.)

die Jeughoukmandant be-
dank vir sy besielende verslag
en 'n beroep op die O.B.-offisiere
gedoen om alle hulp te verleen
aan die Jeug. Die Jeug is ons
toekoms, en ons eerste bron is
ons eie gesinne, het die K.G.
gesê. Dit sal veral goed wees as
offisiere die name en adresse
van kinders in koshuise aan
die Boerejeughoukwartier kan
stuur sodat met hulle kontak
gehou kan word. Sulke kon-
takke het reeds groot vrugte af-
gelewer op sommige plekke.
„Laat ons van 1948 'n Boerejeug-
jaar maak,” het die K.G.
besluit.

Was Teenwoordig

Gebiedsraad In Stad Byeen NUWE LEDE GEWERF

Die Weskaaplandse Gebiedsraad (Gebied A) het verlede
Vrydag en Saterdag 'n vrugbare sitting in Kaapstad gehad
onder voorsitterskap van hoofgenl. P. R. Retief van Ceres
en in teenwoordigheid van die Kommandant-generaal, dr.
Hans van Rensburg, en die Gebiedsleier, dr. F. D. du Toit
van Zyl.

Genl. H. J. du Toit het met gebed geopen. 'n Wye terrein
van onderwerpe is gedek en verslae van die Gebiedsleier, die
Gebiedsvrou, dr. Erika Theron, die voorligtingsoffisier, genl.
W. R. Laubscher, en die Waggeneraal, genl. Radloff, is onder
meer behandel, terwyl mnr. J. Piek 'n oorsig gegee het van
die sake van die pers.

Die Kommandant-generaal het
'n kort oorsig van die politieke
toestand gegee en die mening
uitgespreek dat die tye steeds
gunstiger vir die Ossewabrand-
wag word. Ons het in die af-
geloopde jaar vriende aan die
parlementêre front gekry en
daar kan 'n reoriëntasie op
politieke gebied in die komende
jare ontstaan; hoewel ons moet
verwag dat die Beweging tot ná
die verkiesing taamlik op die
agtergrond gestoot sal word
weens die verkiesingsgees.

Die K.G. het 'n nuwe organi-
sasiestelsel beskryf wat bestaan
in die stigting van kleinere,



Die K.G., Dr. Hans v. Rensburg.

gemengde eenhede onafhanklik
van territoriale grense. Dit is
geensins plaasvervangend van
die bestaande kommando's nie,
maar bloot aanvullend. Die
kleiner omvang maak deeglike
organisasie en die werwing van
nuwe lede uiters doeltreffend.
Waar dit reeds probeer is, het
dit verrassende resultate gele-
wer. Duisende nuwe lede kan
op hierdie wyse by die O.B. in
betreklik korte tyd ingeskakel
word, het die K.G. gesê, en by-
gevoeg dat dit nie teorie is nie,
maar reeds bewys is.

In sy verslag het genl. Van



Hfkomdte S. Voigt.



Mev. J. S. du Toit.



Hfgnl. J. A. Strauss.

Zyl daarop gewys dat hoewel
ons volk tans 'n tyd van droogte
belewe, tye binnekort weer sal
verander. Nogtans is spr. ver-
baas om nog soveel geesdrif
binne die Ossewabrandwag vir
volksideale aan te tref. In tye
van groot voorspoed, soos daar
tans in sommige volkskringe be-
leef word, ondervind 'n volk ge-
woonlik geestelike droogte,
maar sodra tye verander, soos
dit moet verander, sal ons taak
weer duideliker op die voor-
grond tree.

'n Voorstel van genl. Hennie
du Toit om die gebiedsraad op
ander plekke as net Kaapstad
te laat vergader, het geen byval
by die offisiere gevind nie, en
dit sal in die toekoms weer in
die stad gehou word.

Boerejeug Besiel Offisiere

'n Besielende verslag om-
trent die werk en ontwikke-
ling van die Boerejeug is ver-
lede Saterdag by geleentheid
van die Gebiedsraadsvergade-
ring in Kaapstad deur Jeug-
houkmdt. Ben Pienaar ge-
lewer, wat 'n oorsig van die
jaar se bedrywighede gegee
het. Hy het ook laat blyk
dat hulle groot planne vir die
toekoms het.

In dié verband het komdt.
Pienaar verwys na die twee
publikasies van die Boerejeug,
Vuurslag, 'n voorligtingsblad
meer in besonder vir offisiere,
en Opsaal, wat reeds 'n verras-
send hoë sirkulasie het. Laas-
genoemde word uitsluitend deur
Boerejeuglede versorg, sowel
wat administrasie as redaksie
betref — inderdaad 'n hoë pres-
tasie.

Spr. het groot hulde gebring
vir sy offisiere wat met soveel
toewyding en geesdrif arbei, en
het 'n beroep op offisiere van
die O.B. gedoen om alle hulp
aan die Boerejeug te verleen.
Daar word by voorbeeld gekla
dat sommige offisiere nie altyd
die Boerejeug-offisiere in ken-
nis stel van funksies of ver-
gaderings van die kommando-
raad nie. Dit behoort nie so te
wees nie. Spr. het ook 'n beroep
gedoen op O.B.-lede dwarsdeur
Kaapland om vir die Boerejeug
plaaslike terreine te verskaf
waar hulle kan op werk en dit
verbeter. Op Boerejeuglaers
word veral gestreef na voort-
planting van die Boeretradisie.

BESOEK

Komdt. Pienaar het meegedeel
dat hofkmdt. P. Taljaard bin-
nekort Kaapland sal deurreis
met die oog op bevordering van
die Boerejeug. „Ontvang hom
so vriendelik as moontlik — hy
is dit werd,” het spr. gesê.

Die Kommandant-generaal het

(Vervolg in kolom 1.)

TEKEN REGSTREEKS OP „DIE O.B.” IN

Die stelsel van kommando-intekening het op 30
Junie l.l. verval. Vanaf 1 Julie teken almal reg-
streeks teen 10s. per jaar (vooruitbetaalbaar) op
„Die O.B.” in.

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die
kommando ontvang en neem daarvan kennis dat inteken-
geld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.)
Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te
stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....
vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam:

Posadres:

.....

.....

Datum

Handtekening

DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423

POSBUS 2120

DAMESROKSTOWWE:

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van
damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne
stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en
ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere,
kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye,
ens., ens.

HEMDE:

Verder ook mans wit en gestreepte hemde,
sporthemde, dassie, baadjies, onderklere,
werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies,
ens., ens.

Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in
verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons
reisigers of andersins. Persoonlike besoeke
sal op prys gestel word

Verspreiders van TOOTAL
fabrikate

BRITTANJE VOLHARD IN UITBUITING VAN UNIE

Die pogings van die regering om die Britse regering te oorreed om sy beleid te laat vaar in verband met die boikot van Suid-Afrikaanse goedere, het misluk. Indien daar in die nabye toekoms geen uitweg gevind kan word nie, sal die Suid-Afrikaanse nywerheid om en by die £4,000,000 jaarliks verloor as gevolg van Brittanje se optrede aan wie die Unie nog onlangs 'n goudlening van £80 miljoen gegee het.

Die besluit van die Britse regering dat die Britse kolonies nie in Suid-Afrika moet koop nie, spruit hoofsaaklik uit selfsugtige redes omdat dit vir Brittanje vandag voordelig is om so min as moontlik in Suid-Afrika te koop, terwyl Suid-Afrika aangemoedig word om alles wat hy wil hê in Brittanje te kry. Brittanje weet dat Suid-Afrika vir die verskil tussen sy uitvoer na Brittanje en

dat hy daarmee lewensbelangrike dollars kan koop in Amerika.

Suid-Afrika betaal natuurlik nie vir alles wat hy in Engeland

tanje koop, en self net goedere ter waarde van £800 aan Brittanje verkoop, dan betaal die Unie vir die res (£200) in goud.

EENSYDIG

Dit is dus in Brittanje se belang om so min as moontlik van die Unie te koop en soveel moontlik te verkoop ten einde meer goud in die hande te kry.

Dit kom daarop neer dat die Unie, hoewel binne die sterling-blok, inderdaad behandel word as 'n dollar-land. Brittanje het dus al die voordele van Suid-Afrika se sterlinggemeenskap, terwyl ons al die nadele het.

Die Britse regering het ook geweier om die verbod wat hy geplaas het op die invoer van Suid-Afrikaanse skoene na Brittanje, op te hef.

'n Baie groot deel van die Unie se buitelandse handel is gekonsentreer op Britse gebiede in Afrika. Die jaarlikse uitvoer na hierdie gebiede is ongeveer £4,000,000. Kenia alleen het jaarliks sowat £2,000,000 se goedere in Suid-Afrika gekoop. Dit het nou tot stilstand gekom. Die verbod van Britse kant is natuurlik net eensydig en die kolonies kan nog soveel as hulle wil in Suid-Afrika verkoop want hierdeur weet Engeland kan hy nog meer goud uit Suid-Afrika pers.

Ons Uraan Vir Brittanje?

Daar bestaan 'n sterk vermoede dat die Unie-regering besig is om ons uraanneerslae aan Brittanje te verkansel. Verteenwoordigers van die V.S.A. se atoomkrag kommissie het geweier om hulle uit te laat oor 'n berig afkomstig van die Amerikaanse nuusagentskap in Kaapstad dat die Unie-regering van voornemens is om die uraanneerslae van die Unie aan Brittanje te oorhandig en dat die regering besig is om planne in dié verband op te stel.

koop met goud nie. Daarvoor het ons wol, vrugte, wyn, diamante, ens., om mee te betaal. Maar as Suid-Afrika bv. goedere ter waarde van £1,000 in Brit-

INDIËRS TART S.A. UIT

As protes teen die wette van die Unie het 'n groep van 15 Indiërs verlede Sondag uit Natal die Transvaalse grens by Volksrust wederregtelik oorgesteek en in Johannesburg aangekom sonder dat hulle deur die polisie belet is om dit te doen. Die Indiërs agiteer teen die Immigrasiewet van 1913 waarkragtens Indiërs belet word om sonder verlof Transvaal binne te gaan.

Die veldtog is die tweede fase in die beweging van „lydelike verset“ teen Unie-wette en die oortrekk van die grens is bedoel as 'n uitdaging aan die regering. Die Indiërs voer aan dat as hulle Unie-burgers is, soos

die regering aanvoer, mag daar geen beperking op hul bewegings en grondbesit wees nie.

Boubeheer Nog Die Week Opgehef?

Ingeligte kringe in Kaapstad spreek die mening uit dat die boubeheer eersdaags, moontlik binne die eerste week, opgehef sal word.

Geen bevestiging vir die berig kon van ampsweë verkry word nie. Aan Die O.B. is verklaar dat die kabinet teen die einde van die week oor hierdie saak sal beslis en dat dit moontlik is dat hulle ten gunste van die opheffing van die boubeheer sal besluit.


Die plaaslike kantoor deel egter mee dat hulle nie kan sien hoe die beheer opgehef kan word nie, aangesien voorrade nog baie ver van normaal is.

Indien die beheer opgehef word, sal dit slegs tot kort na die verkiesing duur, aldus 'n verklaring aan Die O.B.

Kan Meer Eiers Lê

Hoenders kan van 20 tot 25 persent meer eiers lê nadat hulle met 'n kunsmatige hormoon ingespuut is. Dieselfde toename vind ook plaas in die melkproduksie van koeie as soortgelyke behandeling toegepas word.

Springbok



Die Sportman se



Sigaret

20 vir 1/-


OOK IN PAKKIES VAN 10 EN 50
Met en Sander Kurkmundstuk

U/S.326

BRUIN SWITSERSE BEESTE TEN VOLLE GEREISTREERD.

Die WINTERBERG-STOET van Gereistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal gereistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek: G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.



KOOP
DEUR DIE POS
VAN
EXCELSIOR

Hierdie Welbekende
POMPSTOFIE —

DIE
OPTIMUS

is nou weer
verkrygbaar

PRYS slegs 32/10

Ons bied u 'n volledige reeks van gereedskap. Vra om ons jongste pryslyste. Die volgende is slegs 'n paar van ons Winskopies.

DRAADTREKKER	33/4
SKAAPSKERE	8/-
STORMLANTERNE	11/4
OPTIMUS BLAASLAMPE	37/4
FLITSLIGTE, 2-sel	7/4
FLITSLIGTE, 3-sel	13/4
GRASPERK-SKÊR	10/-
MOTORDOMKRAAG (Hidrolies)	2-ton 31/4, 3-ton 55/-
ELEKTRIESE SOLDEERBOUT	26/8

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS
(Excelsior Meubels Beperk)

Pleinstraat 40 — — — Johannesburg

NOODHULP VIR DUITSLAND

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood
in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:

- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN
U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE
VIR DUITSLAND
of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Bloedstraat 164, Hoopstraat 105B,
PRETORIA. KAAPSTAD.

- VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. •

„DIE O.B.”, WOENSDAG, 28 JANUARIE 1948

En Sy Seën Rus Nog Daarop!

Op die vleuels van 'n nuwe wêreldoorlog wil die huidige partybewind homself in die kussings handhaaf. Op hierdie skorre snaar het al die ministers wat die pers waardig genoeg geag het om vir 'n onderhoud te nader, getokkel. En omdat daar hierdie jaar nog rekening met 'n derde wêreldoorlog gehou moet word, aldus dr. Colin Steyn, het ons die bekwaamheid en ervaring van genl. J. C. Smuts „broodnodig”.

Dit is 'n eienaardige stelling om te maak vir 'n normale persoon, maar aan hierdie soort waan in die partypolitiek is 'n mens al lank gewoond. Verbeel jou: Genl. Smuts wat 'n paar jaar gelede die „seën van die Allerhoogste” afgesmeek het op die wapens van Josef Stalin; die man wat in San Francisco gepleit het vir die veto-reg aan Molotof — daardie veto-reg wat Rusland in staat gestel het om Europa vir drie jaar na die oorlog in chaos te hou — hierdie genl. Smuts se bekwaamheid is nodig vir 'n derde wêreldoorlog!

Dit was al erg genoeg indien die derde wêreldoorlog 'n gril van 'n denkbeeldige Mars was, maar ons leef, ongelukkig vir dr. Steyn en sy helde, nie in 'n Griekse of Romeinse godewêreld nie, dog in 'n werklikheid waarin oorsaak en gevolg die rooi lyne van die geskiedenis trek. En 'n belangrike deel van daardie lyne wat dr. Steyn nou in die rigting van 'n derde wêreldoorlog sien strek, is deur genl. Smuts self getrek.

Ons is die laaste om te ontken dat genl. Smuts geen buitengewone eienskappe besit nie. Dat hy 'n groot geleerde is en dat hy 'n uiters bekwaame partypolitieke leier is, is by voorbeeld dinge wat ons volmondig wil erken. Maar indien genl. Smuts 'n bekwaame staatsman is, dan het minder goeie eienskappe nog steeds in sy pad gestaan om daardie bekwaamheid heilsaam toe te pas. En een van hierdie eienskappe is dié om pappagaai te speel vir die Britse Empire. Want eenmaal toe genl. Smuts werklik blyke van vérsiende staatsmanskap aan die dag gelê het, toe hy naamlik na die eerste wêreldoorlog gewaarsku het dat die versnippering van Duitsland en by name die afskeuring van Danzig die kiem van 'n nuwe wêreldoorlog inhou, het hy baie gou hierdie bekwaamheid in die doofpot gestop in ruil vir die eer om deur kortsigtige Britte die „groot Imperialis” genoem te word, en het hy verval tot 'n klakkelose naprater van Empire-gemeenplase.

SY TOETS

En toe die tweede wêreldoorlog uitbreek — 'n saak waarteen genl. Smuts, indien hy werklik 'n wêreldstaatsman was, aanhoudend moes gepleit het deur die oorsake soos deur hom in 1920 treffend raak gesien, voor die oë van sy vriende te hou, het hy stilgeby en sy eie volk deelgenoot gemaak aan daardie ramp wat verantwoordelik is vir die derde wêreldoorlog voor ons deur.

En toe die volke ná die verwoesting, in San Francisco byeengekom het om „oorloë vir alle tye uit te skakel” het genl. Smuts geen enkele spoor van sy vroeë wysheid meer geopenbaar nie, maar gepleit vir „nugterheid”. Daardie nugterheid was dat Stalin een van die „Grottes” van die nuwe vreederyk is en derhalwe met absolute mag beklee moet word in die raadsale van die volke — aan Stalin moet die reg verleen word om alle besluite kragteloos te maak deur 'n blote onthouding van sy instemming. Dit het deurgegaan vir nugterheid, en in daardie selfde nugterheid het genl. Smuts die „seën van die Allerhoogste” kort tevore afgebied op die wapens van Stalin — dieselfde wapens waarteen genl. Smuts die volk van Suid-Afrika nou wil beskerm — met sy seën nog steeds daarop!

En in die lig van hierdie getuienis kom dr. Colin Steyn vir ons beduie dat ons genl. Smuts se bekwaamheid broodnodig het vir die derde wêreldoorlog. 'n Meer siniese hoonlag in die gesig van 'n verbysterde volk aan wie nog geen verligting van oorlogsbelasting eers beloof kan word nie — oorlogsbelasting wat gegaan het om die seën op Stalin se wapens prakties te versterk — is seker nie te bedink nie.

Of is dit moontlik om jou voor te stel dat 'n openlike brandstigter by die smeulende puin aan die slagoffer 'n dosie vuurhoutjies en 'n bottel petrol sal vra om te leen — op grond van sy „bekwaamheid en ervaring” om sulke dinge te hanteer?

BRITSE BOIKOT

Die Suid-Afrikaanse nywerhede, in wie se belang die regering besig is om duisende immigrante in Brittanje te rekruteer, het 'n gevoelige slag gely deur die Britse kolonies se boikot van Suid-Afrikaanse uitvoerware, en wel op versoek van Brittanje.

Die hele motief agter die boikot — hoewel daar agter die duistere artikel 9 van die Amerikaanse leningsooreenkoms

(Vervolg in volgende kolom.)

Die Naturel en Ons

HY BESKOU HOMSELF DIE STIEFKIND VAN GOD

Ek kom dan nou by ons huidige verhouding teenoor die naturel. 'n Eeu gelede toe ons voorouers vir die eerste maal in botsende aanraking met die naturel gekom het, is daar deur sommige selfs geargumenteer oor die vraag of 'n naturel 'n siel het. Vandag klink dit byna soos belasting van ons voorgeslag om maar net hierdie feit te noem. Dog so 'n standpunt was in die lig van daardie omstandighede heeltemal begryplik. Die naturel was sover as wat hul kennis van hom gestrek het, 'n rowende en morende barbaar wat dikwels om selfbehoud met die eerste oogopslag geskiet moes word.

Vandag weet ons dat die naturel in staat is om tot 'n hoë intellektuele vlak te styg as hy die geeltheit daartoe kry, en die feit kan nie weggeredeneer word nie dat hy hom dikwels op verbasende wyse by moderne beskawingsomstandighede kan aanpas ten spyte van sy gebrek aan 'n Europees-beskaafde tradisie. Dit bring mee dat die naturel met wie ons daagliks in aanraking kom tot 'n groot mate al begin dink soos ons dink en op prikkels reageer soos ons reageer. Wat die naturel met wie ons voorgeslag te doen gehad het, nog as 'n daad van gesag of dissipline sou beskou het, sal die teenwoordige naturel as 'n aantasting van sy eer beskou. Dit is nodig om hierdie feit in gedagte te hou, want of dit nou ook al onaangenaam vir sommige van ons mag wees om te verneem, die feit is dat die naturel wat sy dosis van die Europese beskawing weg het, nie meer gedien daarmee is om soos 'n minderwaardige wese behandel te word nie, soos ten duidelikste blyk uit briewe in die blanke pers waarin beswaar gemaak word teen benaminge wat hulle as kleinerend of aanstootlik beskou.

SELFRESPEK

As iemand wat self van die platteland afkomstig is, wil ek in hierdie verband veral aan ons plattelandse lesers sê dat dit gevaarlik is om hierdie sake te beoordeel bloot op grond van ons kennis van die plattelandse naturel. 'n Bietjie kennisma-

geskuil word — is om meer goud van die Unie in hande te kry. Die ongunstige gaping tussen ons in- en uitvoer na Brittanje en sy kolonies moet so groot as moontlik wees, en vir dié doel word 'n amptelike boikot op tou gesit net soos Indië dit reeds ook al gedoen het om politieke redes. Dit is een en dieselfde ding.

Maar dit is nie net goud wat agter die boikot sit nie. Dit is nie in Brittanje, wat 'n uitvoerland van nywerheidsartikels is, se belang dat Suid-Afrika 'n nywerheidsland en daarmee 'n mededinger vir Brittanje word nie. Dit is vir hom baie voordeliger as ons die roustowwe lewer vir sy fabrieke en die klaargemaakte ware were terugkoop waarvoor vir die winste in goud betaal word. En as Suid-Afrika dan tog op sy ingeslane weg volhard om 'n mededinger vir Brittanje te word, dan is 'n boikot wel 'n wapen waarna gegryp kan word. Vrees dat dit die trou van die Suid-Afrikaanse regering kan skok, bestaan daar by Brittanje nie. Hy weet dat die party aan bewind juis daar is op grond van sy trou aan Brittanje. Daarom sal dit ook te veel vir die Unieburger wees om te verwag dat die regering die bekragtiging van die £80-miljoen-goudlening aan Brittanje, wat in die volgende dae voor die parlement moet kom, sal gebruik as 'n hefboom om Brittanje tot 'n meer respektabele houding te dwing.

king met die geskifte van ontwikkelde naturelle sal hierdie waarskuwing baie sterk onderstreep — en laat ons daarby onthou dat nie alle geleerde na-

Deur
N. G. S. v.d. Walt

turelle kommuniste is nie.

Dit val 'n mens ook op hoe stedelike naturelle wat teen 'n karige loon moet werk, gedurende hul spaartyd in die deftigste pakke klere uitgevat is. Vir baie blankes is dit 'n ergernis omdat hulle dit as 'n poging tot „gelykstelling” vertolk. Inderdaad is dit niks anders nie as 'n openbaring van die feit dat die naturel, hoe kort sy kennismaking met die blanke beskawing ook al mag wees, sy persoonlike waardebesef daarbinne ontwikkel het en dit nou in Europese terme wil uitdruk. Dit is 'n uiting van selfrespek hoe teatral dit soms ook al mag voorkom, en as sodanig is dit 'n bate wat eerder bevorder as ontmoedig moet word, want selfrespek is die handvatsel waarmee mense mekaar kan hanteer.

GEE AANSTOOT

Maar omdat baie van ons in ons stryd teen die liberalistiese verknoeiing van die naturelle-vraagstuk die naturel wat hom beskaaf wil voordoën beskou as 'n karikatuur van die blanke, stort ons dikwels ons wrewel — teen die verkeerde toestand — uit oor die kop van 'n miskien allersins onskuldige naturel. En op sy beurt weer verdedig die naturel sy eie waarde deur 'n astrante houding in te neem, en die einde van dit alles is 'n nuwe vyand van die blankedom in 'n Europese pak klere. Dit daag nie altyd by ons op dat ons miskien teen die verkeerde deur slaan nie. Volop voorbeelde hiervan kan gevind word in Kaapstad met sy gemengde busse. Blankes neem dikwels aanstoot as 'n naturel of 'n kleurling in hul nabyheid kom plaas neem, maar hulle rig hul aanstoot aan die verkeerde adres. Die nie-blanke vrou met haar bondel wasgoed by voorbeeld, is van die bus net so afhanklik as ek om haar bestemming te bereik — miskien nog meer afhanklik as ek wat dalk nog oor 'n private rytuig beskik. Die liberalis wat die stad regeer het in sy misplaaste ywer vir „gelyke regte” geen voorsiening vir die nie-blanke vrou met haar bondel gemaak nie. Maar sy is ook 'n mens wat moet worstel om in haar menslike behoeftes te voorsien; ook sy het kinder-tjies wat gevoed moet word. Sy moet beweeg van die een plek na die ander, net soos ons, en al wat haar aangebied word is 'n sitplek tussen blankes.

IS DIT BILLIK?

Is dit nou billik, en daarby gesonde verstand om hár kwalik te neem omdat sy opklim tussen blankes terwyl daar vir haar geen aparte voorsiening

In hierdie derde van 'n reeks artikels oor ons verhouding tot die nie-blanke, en meer in besonder die naturel, behandel die skrywer 'n paar persoonlike aspekte wat op sigself onbeduidend mag voorkom, maar die simp-tome is van 'n verkeerde instelling in ons benadering van die nie-blanke, wat volgens hom, eers herstel sal moet word voordat ons die praktiese oplossing van die naturelle-vraagstuk met wel-slae kan aandurf.

gemaak is nie? Is dit nou reg-verdig om hár gevoel te krenk omdat die liberalistiese regeerders van die stad dit so wil hê en miskien glad nie sy nie? Maar ons neem aanstoot en ons gee aanstoot omdat sy opklim, en die gevolg? Nog 'n vyand van die blankedom wie se voortbestaan nou beskerm moet word deur die invoer van immigrante wat moontlik gees-genote is van die stadsregeerders wat glo aan gemengde busse.

GEVAARLIK

Laat ons eerlik wees en erken dat ons verhouding teenoor die nie-blanke, veral in die stede waar ons met ander as ons bediendes in aanraking kom, heel dikwels bepaal word deur hierdie aanstootgewende ergernis vir liberalistiese wanpraktyke. Dit is 'n houding wat afdoen aan ons waardigheid en uiters gevaarlik is omdat dit juis meestal die ontwikkelde nie-blanke is wat ons daarmee vervreemd — hulle wat juis die leiers van die nie-blanke is en gaan wees, en op wie se medewerking ons aangewese is om ons vraagstuk op te los.

Ek het eenmaal voor 'n kantoor gestaan waar 'n blanke 'n naturel wat 'n pakkie kom aflewer het toegesnou het: „Maak dat jy uitkom, jy stink!”

Daardie naturel was met boekie en potlood in die hand 'n ongeskoolde werker, maar hy is daar uit met alles behalwe 'n ongeskoolde haat in sy siel vir die witman.

WAT IS ONS?

Wat ons moet uitmaak vir onself is dit: Is ons die voogde van die nie-blanke of is ons dit nie. As ons besluit dat ons dit is — en dit is in elk geval wat ons voorgee te wees — dan moet ons ons soos voogde gedra teenoor die nie-blanke. En voogdyskap, hoewel dit nie gelyke omgang veronderstel nie, vereis minstens simpatieke behandeling van hom wat aan jou leiding toevertrou is en nie onverdiende beledigings en skoppe nie.

Ek wil dus as eerste vereiste vir 'n praktiese oplossing van ons kleurvraagstuk stel 'n simpatieke gesindheid deur elke lid van die blanke gemeenskap teenoor die naturel en die nie-blanke in die algemeen — 'n begrip vir sy geestelike en stoflike behoeftes, behoeftes wat ons, of dit onder protes gebeur het of nie, by hom ingeskerp het deur sy toelating tot ons vorm van beskawing.

VOORKOM AGITASIE

En laat ons hierby in gedagte hou: om die nie-blanke uit die kloue van die Moskoue agitator te weer, vereis meer as 'n (Vervolg op bladsy 5.)

Het 'n Boer Eiendomsreg Op Wolke Oor Sy Plaas?

VRAAG DRING HOM OP IN V.S.A.

Die nuwe bane van die wetenskap bring ook nuwe vraagstukke vir die reg. Een van die jongste vrae waarmee regsgeleerdes hulle besig sal moet hou is: aan wie behoort die wolke?

Noudat gemeen word dat dit moontlik is om wolke te laat uitsak deur middel van bestrooiing met droë ys, het die vraag al dadelik na vore gekom aan wie die water in 'n wolk eintlik behoort wanneer dit neergelaat word op kunsmatige

wyse. Mag 'n boer oor wie se plaas die wolke is, skadevergoeding van sy buurman eis indien hy die wolk met droë ys bestook en dit op sy buurman se plaas uitsak. Aan die ander kant, kan die buurman weer 'n skade-eis instel indien die neerslag dalk oorslaan tot 'n wolkbreuk?

AANSpraak

Die eerste van hierdie soort sake is onlangs in Amerika ahangig gemaak waar 'n boer, Richard Haman, 'n formele aanspraak op alle wolke wat oor sy plaas sweef laat aanteken het. Hy het verduidelik dat hy voornemens is om droë ys oor die wolke uit te strooi en hy wil die reën wat val, waar dit ook al te lande kom, laat beskou as sy reën.

Hierdie aanspraak sal die regsgeleerdes die geleentheid gee om uit te maak wat die regte op wolke moet wees. Onder andere sal hulle moet vastel wat die posisie in droë landstreke is waar reën in buie val sodat die een boer miskien volop water kry en die ander niks. Ys-bestrooiing kan die verspreiding van die buie beïnvloed.

Het iemand wat geen reën kry nie, nou die reg om 'n eis teen sy buurman in te stel wat 'n neerslag kunsmatig be-

werkstellig het? Of sou die wet voorskryf dat elke boer die reg het om sy eie vliegtuig aan te hou en sy eie reën te laat val?

BANG

Ondernemings in Amerika wat met kunsmatige reën eksperimenteer is dees dae baie besorgd oor die moontlikheid dat hulle vir reuse-bedrae aangeskryf kan word in gevalle waarvoor hulle miskien nie juis uitsluitend verantwoordelik is nie. Veronderstel by voorbeeld dat ys gestrooi word oor 'n gebied en in die nabyheid sak 'n haelbui uit of 'n wolkbreuk. Hulle sal dadelik vir inmenging in die weer en aandadigheid aan die skade aangeskryf kan word.

Die oplossing meen wetenskaplikes sal moet gesoek word in die daarstelling van 'n internasionale beheerraad van reën, want dieselfde vraagstukke wat bure raak, raak ook buurstate — soos blyk uit 'n aanspraak van een van die Suid-Amerikaanse state kort gelede op die wolke oor sy gebied.

Duitsers Wil Jode Nie Sien

Anti-Semitisme is steeds aan die toeneem in Duitsland, sê dr. Kurt Schumacher, leier van die Duitse Arbeidsparty. Hy het gesê dat hy dit sal beveg.

Britse Motors Moet Nog Stilstaan

Daar is geen aanduidings dat die Britse regering in staat sal wees om die petrolrantsoene vanjaar weer in te stel nie, het die Britse minister van Brandstof in Londen verklaar na aanleiding van 'n versoekskrif aan die parlement. „Ons kan nie petrol verskaf so lank as dit teer op ons kosbare dollars nie,” het hy daaraan toegevoeg.

Sedert die petrolrantsoene in Brittanje heeltemal ingetrek is, het die Britse regering aansienlik petrol gespaar. Gedurende Oktober was dit 1,500,000 gelling per week. Verlede maand het die totale aantal gellings reeds 5,000,000 beloop.

Teen hierdie tempo meen Brittanje om sowat £10,000,000 jaarliks te bespaar wat hy anders nie sou gehad het nie. Dit is volgens deskundige mening genoeg om te voorsien in rou katoen waarmee die hele Britse volk geklee kan word, asook om hout mee aan te koop en 500,000 mense van huise te voorsien en om brood aan ongeveer 3,000,000 siele te verskaf.

80-Jarige Rower Uit Tronk Vir 'n Rukkie

Sommige mense leer nooit 'n les nie: minder as ses maande nadat die 80-jarige Antonio Collino in Rome uit die tronk losgelaat is, waar hy 55 jaar as bandiet deurgebring het, het hy weer in die selle beland.

Na sy loslating is hy na sy huis in die Abruzzo-gebergte. Die verleiding was egter vir hom te sterk en hy het weer probeer om iemand te beroof nadat hy hom met 'n rewolwer aangehou het.

Hiervoor sal hy moontlik weer twee jaar van sy lewe in die selle deurbreng.

Baie „Christene” — Veral Engelse Is Ongelowig

Mans en vrouens in tien verskillende lande is onlangs deur middel van vraelyste gevra of hulle aan God en 'n hierna-maals glo. Daaruit het geblyk dat die grootste ongeloof in Engeland gevind word.

In Kanada het 95 persent van

die mense „ja” geantwoord. In Amerika 94 persent, in Frankryk 66 persent, terwyl meer as 80 persent in Holland, België, Swede, Noorweë en Finland verklaar het dat hulle glo. Slegs 49 persent van die inwoners van Brittanje glo aan 'n lewe na die dood.

Groot Volksfees Aan Voet Van Vrouemonument

'n Groot Volksfees word vanaf 23 tot 25 Februarie 1948 aan die voet van die Vrouemonument, Bloemfontein, gehou. By hierdie feestelike geleentheid sal etlike bekende sprekers optree, o.a. prof. dr. J. D. du Toit (Totius), prof. Joon van Rooy en dr. N. J. Diederichs.

Die verrigtinge begin Maandagaand, 23 Februarie, in die stadsaal waar ds. J. H. van Loggenberg die opening sal waarneem en ds. H. S. Theron die openingsrede sal hou.

Die amptelike opening van die feesverrigtinge vind plaas gedurende die middag van 24 Februarie. Die aand is daar aan die voet van die Monument 'n re-unie van oud-stryders.

In die skemerure van die 25 sal daar 'n plegtige optog na die konsentrasiekampkerkhof wees. Kranse sal hier gelê word. Lede van die Voortrekkerbeweging sal hieraan deelneem.

Om 11-uur die môre vind daar 'n re-unie van konsentrasiekamp-moeders en -kinders aan die voet van die Vrouemonument plaas. Totius sal by hierdie geleentheid die aanwesiges toespreek.

Benewens die ander funksies gedurende die res van die dag, sal daar ook gedurende die aand 'n huldigingsplegtigheid van mev. pres. Steyn plaasvind. Prof. Joon van Rooy sal dan optree.

Vergiftigde Bloed Vir Insekte

'n Groep Amerikaanse landbou-wetenskaplikes het uitgevind dat hulle siektedraende insekte wat op die bloed van diere teer kan vernietig deur die bloed van die dier te vergiftig sonder dat die dier iets oorkom.

Die metode is nog nie ten volle uitgetoets nie, maar daar is reeds geslaag om die bloed van konyne so te vergiftig dat luise wat van die bloed van die konyne gedrink het, dood gegaan het sonder dat die konyne nadelig geaffekteer is. Dieselfde het ook gegeld vir muskiete wat die konyne lastig geval het. In albei gevalle was die parasiete dus plaë van wie die mens dikwels las het.

In een geval is 33 en in 'n ander geval 31 verskillende giftowwe uitgetoets. In 'n paar gevalle is van die konyne dood en in sommige gevalle het die konyne vetter geword.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Moontlik Geen Belasting-Verligting

Die Minister van Finansies, mnr. F. C. Sturrock, het in die Volksraad verklaar dat dit wensdenkery is om te glo dat die begroting vanjaar voorsiening sal maak vir skouspelagtige belastingvermindering. Diegene wat gepraat het van belastingverligting het nie rekening met die werklike basis waarop die inkomste bereken word, gehou nie. Die surplus waarvan gepraat word kan moontlik geneutraliseer word deur verhoogde uitgawes.

Verseker u Toekoms deur die Eienaar te word van

VASTE EIENDOM

* BOUPERSELE
* WOONHUISE
* PLASE
* BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON
Posbus 78 Foon 0023
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND

Slegs

£20

bring

u die

KLEINE WONDER

SEMENT-STEENMAAKMASJIN

Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek waar u hulle nodig het. U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER” kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasië is vir hierdie doel geskik.

J. H. BUHR

Posbus 18

Voortrekkerstraat - Hopefield
Telegramme: „BUHR”

Russe Maak Aanspraak Op Nuwe Koring-Soort

Russiese wetenskaplikes het met groot lawaai aangekondig dat hulle twintig nuwe soorte koring gekweek het deur die een soort koring met die ander te kruis. Die sukses sou behaal wees nadat daar twaalf maande lank aan hierdie soorte gearbei is. Onder hierdie soorte is koring wat baie goed aard in koue dele terwyl ander soorte goed aard in warm, droë streke. Sommige soorte is ook baie swaarder as gewone koring.

'n Ander soort koring sou weer twee normale oeste van een plant in dieselfde jaar lewer.

Die Naturel En Ons

(Vervolg van bladsy 4.)

blote verbod op agitatie. Agitatie slaan in omdat daar ontevredenheid of grond vir ontevredenheid bestaan, en dit is die grond wat verwyder moet word in die eerste plaas. Genl. Franco het onlangs gesê dat Spanje sosiale anargie beveg met 'n sosiale staat. Dis dieselfde idee. Ons moet kommunistiese belangstelling met Christelike belangstelling beveg. As die kommunis belangstelling veins vir die nie-blanke se lot, moet ons dit beantwoord met opregte Christelike belangstelling in sy welvaart. Om dit te beantwoord met haat en afjakke vir die nie-blanke beteken dat ons onself die bondgenoot van die kommunis maak — ons jaag aan en hy vang.

DEELGENOOT

Laat ons in die tweede plaas ons oefen met die gedagte om die naturel teen die agtergrond van ons beleid van aparte ontwikkeling te sien as 'n deelgenoot aan die ontginning van Afrika; nie meer as 'n las of gevaar nie, maar as 'n bate wat op sy regte plek ingeskakel moet word by die breë ekonomiese plan van Afrika.

As ons hom so sien, sal dit vir ons baie makliker wees om eerlik belangstelling te toon vir sy behoeftes en nie meer onverskillig te staan teenoor die tering en honger wat hom verwoes — onder ons voogdyskap — nie. Dan sal van sy kant die vertroue en agting vir die blanke vanself kom, want hy sal dan geen rede meer hê om homself die „stiefkind van God” te noem nie.

Dit immers is waartoe ons voogdyskap ons roep: die ontwikkeling van die naturel langs eie en gesonde weë sodat hy op sy beurt in staat gestel kan word om te voldoen aan die roeping waartoe hy deur God geskape is.

(Word vervolg)

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

DANKBETUIGING

EKERMANS. — Hiermee wil ons ons innige dank en waardering uitspreek teenoor familiebetrekkings, vriende en alle O.B.-lede wat deur telegramme, briewe, kranse, teenwoordigheid, gebede of andersins hul meegevoel met ons betuig het tydens ons swaar en onherstelbare verlies; ook persone wat behulpzaam was tydens die ongeluk. — **DIE BEDROEFDE OUIERS**, Norfolkstraat 20, Maitland. 28/1/18

BOME, PLANTE EN SAAD

RESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Pryslas verkrygbaar. Bestel al u benodigde K.B.A. van: **PREMIERS, SCHOEMANSHOEK**. 20/8/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waartlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per 1/2 lb. Handelsnavrae verwelkom. — **KARROO-SAADVERSPREIDERS**, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

GEMENG

GRAFSTEENMAKERS. — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbanding met die S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIEENS.) BPK. van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandaag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telephone—5-4420 en 5-02823.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL**, Langstraat 291. — **KAAPSTAD** Foon 30184 4870/2

VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI — Waterspoel-rioolstelsels, vloertels en gepolitoerde terras-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir 'n lief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: — **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.**, Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS**, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

MEUBELS. — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop. Raadpleeg: **NIEK NEETHLING**, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

PENMAATS

DUISENDE meisies en kerele wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koefert om gratis besonderhede aan: — **DIE POSTUUF - KORRESPONDENSIE-KLUB**, Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëtsaannemers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: **KOMDTE, MEV. MARTIE VENTER**, P/a. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

VRIENDE ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. — **S. J. DE BEER**, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT. — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissima-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek. — **HENNIE MENTZ**, Privatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

LUSERN. — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafier vir besonderhede en prysopgawe — **N. WIENAND**, P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

LUSERN te KOOP. — Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.E. V.O.S. Kirkwood. — **J. H. STIEMIE**, Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

Staking In Duitsland

Die Kommuniste maak van die swak voedseltoestand in Duitsland gebruik om onrus onder die Duitse volk, en veral in die Ruhr-gebied, te stook.

In Beire het een miljoen arbeiders verlede Vrydag met 'n staking van 24 uur begin om protes aan te teken teen die voedseltekort. In die Ruhr-gebied heers daar groot onrus onder die werkers as gevolg van Kommunistiese aansporing om te staak en beloftes om die stakings te steun.

Man Moet Boet Vir Hond Se Daad

Omdat sy hond 'n 11-jarige dogtertjie onlangs sou doodgebyt het, is Benjamin Eastace van Vereniging, verlede week ter strafsitting verwys op 'n aanklag van strafbare manslag.

Die treurspel het verlede November plaasgevind toe 'n boel-hond van die beskuldigde die dogtertjie aangeval het terwyl sy by die huis verby geloop het. Uit die getuienis het geblyk dat dit 'n kwaai hond was. Die klag teen Eastace is dat hy toegelaat het dat die hond los loop.

Rebellie In Rusland

Die eerste groot opstand binne Rusland sedert die dae van die Rewolusie woed tans in die Suid-Ukraine, volgens die Chinese inligtingsdiens. Die berig skryf die opstand toe aan die Ukrainers se „eue-oue nasionalisme en wrok teen Moskou se uitbuiting”. 'n Anderhalf miljoen rebelle sou in opstand wees. Hulle is nog nie deur die Russiese leër onderdruk nie.

Die Russiese regering deporteer baie Ukrainers na Siberië in 'n poging om die opstand te likwideer terwyl die rebelle weer probeer om soldate van ander Russiese provinsies te werf.

NOODHULPFONDS BYDRAES —

Gebied „A”

Vanaf 25 Desember tot 25 Januarie 1948

A3b6	£3 4 0
J. W. Mohr	0 6 0
Mev. A. Stander	2 10 0
P. A. Boulogne	1 0 6
A18a3 en A18a8	10 0 0
A9b2	16 14 0
T. J. Roos	25 0 0
Vriendin, Kaapstad	1 0 0
J. F. Theron	10 0 0
A4d1	10 0 0
Mev. ds. Brink	2 0 0
A8a1 en A8a6	10 0 0
	£91 14 6

Menslike Liggaam Bly Koel In Warm Oond

Niemand sou dit ooit vir die waarheid aangeneem het as aan hom vertel is dat die menslike liggaam 'n hitte baie hoër as dié van kookwater kan weerstaan sonder dat jy iets daarvan oorkom. Lugvaartdeskundiges in Amerika het egter bewys dat 'n mens maklik 'n hitte van 262 grade Fahrenheit in 'n oond kan weerstaan sonder enige nadelige gevolge. Dit is 50 grade Fahrenheit warmer as kookpunt.

Verskeie persone wat hulle weerstand teen hitte wou toets, het al probeer om in 'n bad kookwater of kokende olie te klim. Hulle is egter elke keer deur die polisie verhoed omdat dit beskou is as gelykstaande aan selfmoord — wat dit seker ook sou wees indien hulle regstreeks in aanraking met die vloeistof gekom het. Die Amerikaners het egter bevind dat die menslike liggaam bokant kookpunt onaantashaar is.

Een van die probleme waarmee loodse van spuitvliegtuie wat teen hoë snelhede vlieg, te kampe het, is die geweldige hitte wat veroorsaak word deur die vrywing van die vliegtuig met die lug. Alle spuitvliegtuie is dan ook voorsien van 'n soort „yskas” wat die loods koel moet hou en hom beskerm sodat hy nie braaivleis word nie. Niemand was egter seker watter hitte die mens kan weerstaan nie, en om vas te stel wat sal gebeur as die loods se verkoelingsapparaat breek, het lugvaartdeskundiges in Amerika dr. Craig Taylor van die Universiteit van California gevra om hulle met proefnemings te help.

IN OOND

Hierdie geleerde het 'n elektriese staaloond gebou met 'n waaier wat droë lug in die oond insuig. Die eerste menslike proefkonyn is met 'n stootwaentjie in die oond gestoot en die deure toegemaak. Met behulp van elektrisiteit is die oond tot die kookpunt van water (212 grade F) verhit. Die slagoffer het uitgekome sonder dat hy enige nadelige gevolge opgedoen het.

Verskeie proefnemings is uitgevoer en dr. Taylor het ingewillig om self as die laaste proefkonyn te dien. Met sy hande, voete en nek deur doeke beskerm, is hy in die oond gestoot toe dit reeds 230 grade F. warm was. Hy het langer as 'n kwartier in die oond gebly terwyl die hitte opgeskuif is tot 262 grade F. Die vel van sy gesig het bloedrooi geword toe dit in aanraking met die warm lug gekom het, maar dit was ook feitlik al wat gebeur het.

So is daar vasgestel watter hitte die menslike liggaam kan weerstaan.

GEHEIM

Die geheim is geleë in die feit dat 'n mens se liggaam sy eie verkoelingsstelsel het deur middel van sweet deur die vel.

Daar is aangetoon dat die hitte om die liggaam baie minder is as 'n paar duim daarvan. Gedurende die proefnemings is bewys dat toe die oond 236 grade F. warm was, die hitte 'n driekwart duim van die neus af slegs 226 grade F. was. Die vel van die neus was toe

self maar 119 grade F. warm. Die lug wat ingesem is, is in die neus so verkoel dat dit geen nadelige uitwerking op die longe gehad het nie. Selds die

algemene hitte van die liggaam het slegs 'n paar grade gestyg. Al die persone wat in die oond was, het egter nie sulke goeie weerstandsvermoë getoon nie. Party het opgebring terwyl ander flou geword het. Al waaroor mens hom moet bekommer by so 'n hoë hittegraad, sê dr. Taylor, is die hitte van die bloed wat oor die brein vloei. Te warm bloed is die eerste oorsaak van floute.

S.A. SE £¼ MILJOEN VIR NOODHULP IN DUITSLAND

Die Duits-Afrikaanse beweging vir hulp aan noodlydende Duitsland (D.A.H.A.) het die afgelope jaar nie minder nie as £97,000 ingesamel waarby klere en skoene ter waarde van £53,000 nie ingesluit is nie. Sedert die totstandkoming van die organisasie is reeds £250,000 ingesamel en bestee, volgens 'n verslag wat deur D.A.H.A. vrygestel is.

In die afgelope jaar is die samewerking van verskeie kerklike sowel as nie-kerklike organisasies soos die Protestantse Kerk in Duitsland, en Caritas verkry waardeur die noodleniging vlotter gewerk het. Samewerking met die Centre d'Entre Aide, 'n organisasie wat die hulpdienste van die Rooikruisvereniging oorgeneem het, het ook vlot verloop. Lewensmiddele en mediese

voorrade ter waarde van £21,000 is reeds oorseë aangekoop terwyl ook 3,800 gelling lemoensap, 145,000 blikke varkvlies en groente, 10,000 pond moutmelk en 12,000 komberse aangekoop is.

Syfers toon dat Suid-Afrika die tweede plek onder alle nasies inneem wat hulp aan Duitsland verskaf. Dit is net Amerika wat Suid-Afrika met bydraes oortref.

DIE WES-RANDSE HANDELAARS

— Handelaars in — OU WARE

Posbus 49 - Newville - Johannesburg

MEDE-AFRIKANERS,

Hiermee vra ons beleefd u ondersteuning. Ons is die kopers van alle soorte ou Metaalware soos Koper, Lood, Geelkoper, ens. Ook is ons die kopers van ou Motorkarbatterye en ou Verkoelers van Motorkarre asook bottels.

Die volgende pryse word deur ons betaal:

Koper: 4d. per lb.
Geelkoper: 2½d. per lb.
Lood (nie batteryeplate nie): 3½d. per lb.
Aluminium: 2½d. per lb.
Ou Motorkarbatterye: 2s. 6d. elk.
Ou Motorkarverkoelers: 4/- elk.
Bottels (wynbottelgrootte): 1s. 4d. per dosyn bottels.

Bogenoemde metale, ens., moet aangestuur word na Die Wes-Randse Handelaars, Newclareastie, Transvaal. Maar 'n kopie van die vragbriewe moet aangestuur word aan Die Wes-Randse Handelaars, Posbus 49, Newville, Johannesburg. Meld duidelik in die spoorwegvragbriewe „Ou Batterye of ou Verkoelers, ou Lood, ou Koper, ens., om gesmelt te word.” Die metale of ou batterye kan K.B.A. aangestuur word. Ons betaal spoorvrag.

Ons koop ook Duiwe teen 1s. 6d. per paar. Hokke sal teruggestuur word. Stuur die duiwe na Die Wes-Randse Handelaars, Newclareastie, Transvaal, maar 'n getekende kopie van die vragbrief aan Die Wes-Randse Handelaars, Posbus 49, Newville, Johannesburg.

Al die goedere asook die duiwe kan K.B.A. aangestuur word per goederetrein.

Ons dank u innig by voorbaat vir u ondersteuning.

Atoomkrag In S.A.

Die eerste toestel vir die ontwikkeling van atoomkrag sal moontlik nog voor die einde van aanstaande maand in Johannesburg opgestel word.

Dit sal 'n klein masjientjie wees in vergelyking met dié in Amerika maar dit sal nuttig wees om die ontwikkeling van atoomkrag vas te stel. Dr. A. E. Beksley en mnr. A. Archet is verantwoordelik daarvoor.

RUSSIESE LONE OP BEDROG GEBASEER REUSE-UITBUITING

Die uitbuiting van die werker deur die Russiese staat, wat juis die werker sou verlos het van die uitbuiting van die kapitalisme, word treffend geteken deur Victor Kravchenko in sy boek „Ek Kies Vryheid”.

Ons wil graag aan die hand van sy boek twee voorbeelde aanhaal. Die een is die Stakanov-metode waardeur die hoogste arbeidsprestasie as norm aanvaar word waarvolgens die loonskale ingestel word, en hoe daardie prestasie in die praktyk op oneerlike wyse bereik word.

In September 1935, skryf Kravchenko, het daar 'n wonderwerk in die Donetzkbrekken plaasgevind. 'n Werker met die naam Stakanov het in een enkele skof 102 ton steenkool uitgegrawe — veertien maal die produksie van 'n gewone mynwerker! Hier kan net daarop gewys word dat die Britse rekord van 25½ ton verlede jaar 'n groot opskudding in die pers veroorsaak het.

„Vir 'n praktiese ingenieur was die elemente van bedrog daarin taamlik deurskynend,” aldus Kravchenko. „Dit was duidelik dat spesiale toestande en spesiale gereedskap en hulp verskaf is om Stakanov in staat te stel om die rekord te behaal. Dit was 'n wonder wat op voor-skrif van Moskou teweeggebring is met die oog op 'n nuwe godsdienstige veldtog—die godsdien van groter produksie.

„Wat Stakanov kon doen, kan alle mynwerkers doen, en wat mynwerkers kan doen, kan ander nywerhede ook doen! Daar het u 'n opsomming van die nuwe godsdien. Twyfelaars is verdoem en het nie nodig gehad om vir die volgende lewe te wag vir hul deel van die hel nie. Tegnici wat praktiese besware geopper het, was defaïtiste, vyande van Stakanovisme! Werkers wat nie die merk kon haal wat Stakanov opgestel het nie, was luiards!”

DREIGEMENT

Onmiddellik is aan alle nywerhede en fabriekse opdragte gegee om stakanov-standaarde op te stel met behulp van spesiale Stakanov-brigades. „Elke opdrag was 'n blinde dreigement. Ingenieurs of opsigtters wat besware opper, sal as saboteurs behandel word.”

So is daar dan met behulp van uitgesoekte werkerskombinasies nuwe standaarde vir alle soorte werk opgestel wat as die gemiddelde arbeidsprestasie vir alle werkers beskou is!

„Dwarsdeur die Sowjet het die hoër produksie-veldtog oorgeslaan in 'n woede wat homself ontvou het in die bekende atmosfeer van vrees en onderdrukking. Duisende bestuurders is ontslaan, baie van hulle is in hegtenis geneem weens sabotasie van die nuwe sosialistiese produksie en weens versuim om die nuwe stakanovistiese toestande teweeg te bring. Elke tekortkoming in produksie is gewyt aan ingenieurs en tegnisi. Die prentjie wat aan die publiek voorgehou is, is van werkers wat ywerig was om meer te lewer, maar doelbewus teruggehou is deur bestuurders. „Sodoende is 'n wig ingedryf tussen werkers en tegniese personeel.”

SPESIALE VOORREGTE

Toe die veldtog sy hoogtepunt bereik het, het Stalin 'n konferensie belê van vooraanstaande Stakanov-werkers waar hy hulle gelei en in teenstelling geplaas het met die gewone werkers. Aan hulle is spesiale voorregte in die vorm van voedsel en klere verleen, „en sodoende het die Kremlin 'n wig inge-

dryf tussen verskillende groepe werkers. Die oeroue taktiek van verdeel en heers is toegepas op 'n hele volk onder die banier van sosialisme.”

En om die kroon te span, moes die werkers die nuwe standaarde „vrywillig” en „geesdriftig” aanvaar! Vir elke fabriek of nywerheid is vergaderings belê waarop die werkers met geesdrif die nuwe norme moes voorstel en aanvaar. „Op die vergadering van my fabrieksafdeling het die werkers bedruk, swygend en sonder belangstelling gesit. Outomaties het hulle geklap elke keer as Stalin se naam genoem word . . . daarna het 'n paar gewone vakbondlede, wat vooraf daarvoor afgerig was, opgestaan en voorgestel dat die nuwe kwotas aanvaar word.

OPSTAND

„Wie is ten gunste daarvan? Menigte lustelose hande. Wie is daarteen? Stilte.

„Skieplik het 'n vroustem uitgeroep: „Kameraad Voorsitter, Kiryushkin het nie gestem nie!” „Vir die eerste maal het die vergadering lewe getoon. 'n Rebel in ons midde! 'n Leeu onder die hasies! Een of ander onbenullige Kiryushkin, wie hy ook al mag wees, het dit gewaag om nie sy hand op te steek nie en sy misdaad teen sosialisme is dadelik ontbloot! Rebelle aan die een kant, waaksamheid aan die ander kant, en die land is net betyds gered . . .”

Kravchenko vertel die verhaal hoe hy na die Urals gestuur is om 'n fabriek wat maar nie kon produseer nie, aan die gang te kry. Na baie gesukkel en gesweet het hy daarin geslaag om met behoorlike arbeidsreëling die produksie na 85 persent op te skuif, waarvoor hy groot lof ontvang het. Maar net daar het die lof ook geëindig. Spoedig het 'n brigade „Stakanov-werkers” uit Moskou opgedaag om te kom bewys dat die produksie 100 persent kan wees. Die hele ding is met groot lawaai in die Moskouse pers warm gehou. Die klomp vreemdelinge het al dadelik die hele ritme van die fabriek verstoer wat met soveel moeite opgebou was, sodat dit duidelik was dat hulle selfs nie eens die 85 persent-peil sou bereik nie.

'N PLAN

Die direkteur het egter gou 'n plan gemaak om die Stakanov-brigade se eer te red. Eers het hy by Kravchenko gaan verneem wat presies die hoeveelheid voorrade is wat in die stoorkamers is. Daarna het hy 'n geheime agent na Moskou gestuur met 'n boodskap aan die hoof van die departement. Nadat die hoof van die departement in onderhandeling was

met die sentrale administrasie vir nywerheidsvoorrade, het die geheime agent teruggekeer met 'n pak bestellings vir verskeie soorte pype.

„Deur 'n wonderlike sameloop van omstandighede het die bestellings juis daardie soort en kwaliteit pype gevra wat ons in ons voorraadskeure gehad het. Ons het slegs nodig gehad om die goed skoon te maak, te verpak en te stuur — en dit as lopende produksie aan te gee! Slim boekhouding sou die dag, of om meer presies te wees, die maand gered het.

BEDROG

„Dit was 'n stuk kaalkop bedrog, maar Osadchi (die direkteur), die stadskomitee, die streekkomitee, die brigade, ja iedereen was in sy skik. En elkeen het hom blind probeer hou vir die kullery. Net die geheime polisie het in hul mou gelag met die wete dat hierdie stuk bedrog hulle 'n slaanding gee ten opsigte van 'n paar meer van die hooggeplaastes in hul streek. Oorwinning—nie net 100 persent nie maar enige persentasie wat ons begeer het — was verkeer.

„Die groot maand Junie het begin. Uit die staanspoor was die daelike produksiesyfer op 'n skitterende Stakanov-peil. „Hou so aan!” het boodskappe uit Moskou my aangemoedig. Ons het, egalig, maar geen woord is gerep oor die feit dat sommige dae meer as 25 persent van die produksiesyfer op bedrieglike wyse uit die voorrade van die store verkry is nie. Die voor-manne en werkers is egter nie daarmee om die bos gelei nie. Hulle het die daelike en weeklikse opgawes gelees, maar hulle het die waarheid gewet.”

WEIER

Kravchenko het geweier om hom in die samesweringskring te laat intrek. „Ek was veral daarvan oortuig dat die kunsmatige hoër syfers van Junie vir my 'n onmoontlike standaard sou stel vir die toekoms. Toe die groot „Stakanov-maand” dus sy einde begin nader, het ek die noodsaaklike dokumente bymekaar gemaak en 'n volledige verslag geskryf waarin ek die kullery ontbloot het.

„Osadchi en Dovbenko het hulle lam geskrik. Hulle het onmiddellik hul mede-pligtiges in Moskou opgebel, en versekerd van ondersteuning van bo, het hulle my voor die stadskomitee gedaag.

„Is jy mal, Kravchenko?” het Dovbenko geskree. „Alles gaan so pragtig. Kaganovich (die minister) is in sy noppies oor ons sukses, en jy wil 'n stok in die wiel steek. Wat maak dit saak as ons 'n paar kunsies uithaal wanneer die oogmerk die verhoging van die moraal van die werkers is? Het jy geen pligsbesef nie?” . . .”

GELUKWENSING

Dreigemente en waarskuwings het egter nie gehelp nie, en Kravchenko het sy verslag

ingestuур. Maar ten spyte daarvan het hy aan die begin van Julie 'n persoonlike gelukwensing uit Moskou ontvang vir die prestasie!

„Verslaggewers het van Moskou af gevlie en van Sverdlovsk met motors gekom om die wonder van Stakanov-optrede te beskryf. Die Novo-Trubni-fabriek wat slegs 'n paar maande gelede deur sy saboterende bestuur op slegs 35 persent gehou is, staan nou op 114 persent onder sy

lojale nuwe Bolsjewistiese leier, kameraad Kravchenko! . . .

„Die brigade is by sy terugkeer in Moskou deur die minister ontvang, weer onder die oë van die pers. Hulle is vereer en met bonusse volgestop.”

Kravchenko het kort daarna persoonlik na Moskou gegaan om sy saak aan die departement te stel. Die hoof het hom koel ontvang. „Indien die Party dit nodig vind om 'n sekere soort optrede gewild te maak — in hierdie geval Stakanovisme — word dit 'n politieke noodsaaklikheid waarin die doel die middels heilig. Jou vrees is sinloos,” het sy meerdere hom aangespreek.

Hy het 'n brief aan Pravda en 'n nywerheidsblad geskryf oor die skandaal, maar dit het nie verskyn nie.

„Die „geweldige oorwinning” het geskiedenis geword.”

Rus Werk Twee Dae Vir Een Dag se Ete

Ondanks die Russiese propaganda in die buitewêreld oor die werkersparadys in Rusland, toon vergelykende syfers dat die Russiese arbeiders veel minder vir hul dienste ontvang as wat werkers in die buiteland vir soortgelyke dienste betaal word.

Na aanleiding van die Russiese berig dat die roebel gedevalueer is met die doel om pryse in Rusland omlaag te dwing, het die New York Times 'n vergelyking getref tussen die verdienste van Amerikaanse en Russiese werkers en aangetoon hoe lank die werkers in albei lande moet werk om verskillende verbruiksgoedere te kan aanskaaf. Hy het tot die volgende slotsom geraak:

Om een pond rogbrood te koop, moet die Russiese arbeider 31 minute lank werk teenoor 7 minute van die Amerikaner. Hier is die res:

	Rusland (minute)	V.S.A. (minute)
1 pond koringbrood	70	7½
1 pond beesvleis	315	34½
1 pond botter	642	48
1 bottel bier	171	6½
1 katoen kledingstuk (vrouens)	1,911	142
1 pak wol mansklere	34,815	1,684

HANDJIEVOL

Dit beteken dat die Russiese werker 20 uur lank moet werk om 'n pond brood, 'n pond vleis, 'n pond botter en die weelde van 'n bottel bier

voer is om 'n paradys aan die werkers te gee) die lewensstandaard en vergoeding wat die Russiese arbeider ontvang, nog ontsaglik minder is as dié van arbeiders in die Westerse wêreld.

De Gaulle Kry Wind Van Voor

Genl. de Gaulle se volksbeweging het 'n klein terugslag ondervind in die munisipale tussenverkiesing in die Malakofkiesafdeling in Parys, wat hoofsaaklik 'n werkersafdeling is.

Die Kommuniste het voorge-loop met 6,282 stemme teenoor De Gaulle se 4,284. Die Derde Party het 2,417 stemme gekry. De Gaulle se verlies is veroorsaak deur die Derde Party wat sommige van sy stemme afgetrek het. Die Kommunistiese stemme het bestendig gebly.

Misverstand

Misverstand het al baie onaangename gevolge gehad. So was dit onlangs in Bombaai. 'n Inspekteur van polisie wat in privaat klere was, het probeer om 'n verdagte vrou in die strate van Bombaai te arresteer. Die vrou het begin skree en twee konstabels wat in die nabyheid was, het haar te hulp gesnel in die waan dat die manspersoon die vrou aanrand.

Teen die tyd dat die inspekteur die konstabels dit aan die verstand gebring het wie hy werklik is, was dit nodig om hom hospitaal toe te neem vir behandeling.

Daar is verlede jaar 32,500 mense op die paaie in Amerika gedood.

Gaan Westerse Blok Organiseer Teen Sowjet

Die stigting van 'n Westerse bond van state as teen-voeter vir die Russiese planne om ook Wes-Europa aan die Kommunisme onderhorig te maak, is verlede week deur Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, in die Laerhuis aangekondig. Die samesprekings om Wes-Europa te verenig, nie as 'n politieke mag nie, maar vir nouere same-werking, sal eersdaags begin. Lande wat onmiddellik hier-voor in aanmerking kom, is Brittanje, Frankryk, Nederland, België en Luxemburg, tesame met hul koloniale besittings.

Hierdie aankondiging wat in die Westerse lande toegejuig en groot weerklink in Amerika ge-vind het, is in die Ooste skerp veroordeel. Kommuniste oor die hele wêreld het hierin 'n bedreiging gesien.

Bevin het verklaar dat ook ander lande, soos Italië en Por-tugal by hierdie eenheid inge-skakel sal word. Hy het 'n hewige aanval op Rusland gedoen omdat dit lyk of Rus-land vas van voorneme is om sy houvas op Wes-Europa ook net so te versterk soos hy reeds in Oos-Europa gedoen het.


„Die vordering van die Kom-munisme in elke land is mee-doënloos,” het hy verklaar. Bevin het in dié verband ver-wys na Pole, Bulgarye, Roe-menië en Hongarye. Maar Rus-land is blykbaar nog nie met hierdie uitbreidings tevrede nie.

Ook Churchill, die opposisie-leier, het sy instemming met die plan betuig. Sake kan nie gelaat word soos dit vandag aangaan nie, het hy gesê.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOOR-SLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Terug Na Ellende

'n Geselskap van 38 Duitsers en Oostenrykers bestaande uit mans, vrouens en kinders het verlede Saterdag uit Kaapstad na Duitsland vertrek. Hulle kom uit Rhodesië en word gerepatrieer.



Kommuniste In Britse Vakbonde

Meer as een-derde van die uitvoerende amptenare van die vakbond van Britse vervoerwerkers is Kommuniste, volgens 'n berig uit Londen. Dit word beskou as 'n bewys van hoe die Kommuniste daarin slaag om sleutelposisies in die hande te kry en te gebruik wan-neer nodig.

Daar is tans 'n veldtog teen Kommunisme in die Britse vakbondwese aan die gang. Vakbondverkie-sings word later in die jaar gehou.

Gaping In Britse Ekonomie Raak Jaarliks Groter

Na 'n jaar van intensiewe maatreëls om die Britse uit-voersyfer in die hoogte te laat klim en die verskil tussen uit-en invoer gelyk te maak, het die gaping tussen die in- en uitvoer die afgelope jaar met twee-derdes toegeneem in ver-gelyking met 1946, volgens syfers wat die Britse regering bekend gemaak het.

Gedurende 1947 was die Brit-se invoer £591,200,000 meer as wat hy in staat was om na die buiteland uit te voer. Die totale invoersyfer was £1,787,500,000 teenoor 'n totale uitvoersyfer van £1,137,100,000.

Die Britse departement van handel wys hierdie gaping tus-sen sy in- en uitvoer aan die oorstroomings en brandstofte-kort wat Engeland die afgelope jaar getref het sodat hy nie in staat was om sy invoer in te kort en sy uitvoerprogram uit te voer soos beplan is nie. Feit is dat Brittanje sy lewens-standaard nog baie sal moet verlaag om 'n dalende invoer-syfer te kan toon.

SWARIGHEID

Deskundiges sien groot swa-righeid dat Brittanje sy ekono-mie weer in die haak sal kan bring. Om van sy ellende te herstel, maak Brittanje veral staat op die hulp wat hy onder die Marshalplan sal ontvang. Na verwagting sal £440,000,000 Brittanje hieronder in die eers-komende 15 maande toekom. Dit is nog aansienlik minder as die verskil tussen sy invoer en uitvoer. As gelet word dat Brittanje £123 miljoen daarvan aan tabak gaan bestee, is dit moeilik om te begryp hoe hy weer die voet op vaste grond sal kry.

Wil Petrol Hê

Die algehele verbod op die verbruik van petrol deur privaatsone in Brittanje het die plesierbeluste Britse volk dwars in die krop gestee en hulle het onmiddellik versoekskrifte

onderteken om voor die laerhuis te lê. Ons foto toon amptenare met petisies waarop 1,000,000 naamteke-ninge verskyn op pad na die laerhuis. Die regering het egter geweier om hieraan te voldoen.

Britse Vloot Uitgedun

Die Britse vloot sal een van die dae aansienlik uitgedun word. Volgens 'n aankondiging sal vier slagskepe, 'n slagkruiser en sowat sewe kruisers bin-ne die eerste 12 maande gesloop word aangesien hul toerusting verouderd geraak het.

Daar word geskat dat die Britse vloot sedert die beëin-diging van die oorlog met onge-veer 1,000 skepe verminder het.

IS NET SLAGOFFER VERPLIG OM TE SWEER?

JOHANNESBURG. — Op die „nuusdra-front” het 1948 begin soos 1947 geëindig het. Kort na die aanvang van die nuwe jaar het speurders hul opwa-tig gemaak by die huis van Jeughooftkommandant Du Toit van die Rand, waar hulle in sy afwesigheid sy gade ondervra het na aanleiding van inligting wat die polisie-hoofkwartier op Johannesburg sou bereik het dat mnr. Du Toit ontvlugte Duitsers sou herberg.

„Julle is mos mense wat Duit-sers herberg.” — So? Waarom bespied julle nie die huis nie?”

„Ons het te veel agting vir mnr. Du Toit.” — „Maar nie genoeg om hierdie direkte beskuldiging te maak nie?”

„Mnr. Du Toit is lid van die O.B.” — „Van die eerste dag af”.

„Kan mevrou sweer dat julle nie Duitsers herberg nie?” — „Ja”.

„Voor God?” — „Ja”.

„Sal sy in 'n hof so 'n eed neem?” — „Ja”.

Maar wat van mnr. Nuus-draer? Lê hy sy valse verkla-ring onder eed af?

Sal hierdie mynediger in 'n hof getuig? Ons vrees dit sal nie gebeur nie. Sy identiteit bly 'n geheim. Onder ons hui-dige stelsel is dit nou maar een-maal so. — (Kor.)

VERDELING VAN SETELS

Die samesprekings tussen mnr. Havenga en dr. Malan in verband met die finale in-deling van kiesafdelings tussen die A.P. en die H.N.P. vir die aanstaande algemene verkiesing, sal vermoedelik na die Uniale kongres van die Afrikanerparty plaasvind, na dr. D. F. Malan in 'n persgesprek verklaar het.

Die A.P.-kongres vind plaas op 4 en 5 Februarie in Brakpan. Die kongres sal ook geskiede-nis maak aangesien dit die eer-ste keer sal wees dat afgevaar-digdes uit Kaapland 'n kongres van die Afrikanerparty bywoon. Nie alleen uit Wes-Kaapland nie, maar ook uit Oos-Kaapland, sal verteenwoordigers ge-stuur word.

Werkers Protesteer Teen Invoer Van Immigrante

Misnoë oor die feit dat die regering aanhou om immigrante na die Unie te bring terwyl werkloosheid toeneem, is deur mnr. R. W. Blake, voorsitter van die Nasionale Unie van Distribusiewerkers in Durban, uitgespreek tydens die jaarlikse kongres van die vakbond.

Mnr. Blake het hom ook uit-gelaat oor die invoer van Itali-aanse arbeiders as goedkoop arbeid. Die lone wat hulle aan-gesied word is so laag dat baie van hulle na die stede sal vloei.

In verband met die lewens-koste het spr. gesê daar bestaan 'n sub-kabinetkomitee om die stygende lewenskoste te beveg, maar niks word gedoen om dit laag te hou nie.

Die kongres het 'n besluit ge-neem waardeur die regering ver-soek word om toe te sien dat die arbeidsmark nie oorstroom word

deur immigrante nie. Immi-grante moet ook deur die Departement van Immigrasie op hoogte gebring word van die vakbondstelsel in Suid-Afrika.

Omdat Hulle Wapens Gemaak Het

Die verhoor van die twaalf direkteure van die eertydse Krupp-wapenfabriek in Duitsland het onlangs in Neurenberg begin. Hulle word aangekla van „oorlogs-misdade” en kan hier in die hof gesien word. Hulle is (agterstery van l. na r.): Alfred Krupp von Bohlen und Halbach, Ewald Oskar L. Loeser, Eduard Houdremont, Erich Müller, Friedrich Wilhelm Janssen, Karl Heinrich Pfirsch, Max Otto Ihn, Karl Adolf F. Eberhardt, Heinrich Leo Korschen, Friedrich von Bülow, Werner Wilhelm H. Lehmann, en Hans Albert Gustav Kupke. Intussen maak die Geallieerde aanklaers hulle al weer klaar vir 'n volgende oorlog.

